## HOOFSTUK X MOONTLIKHEID EN MAG VAN DIE OPVOEDING

### 1. Inleiding

Die vraag of die mens wel opvoedbaar is, het al baie skrywers besig gehou.[1] Na beredenering kom die meeste van hulle tot die gevolgtrekking dat die mens die moontlikheid van die opvoeding in hom het. Maar dis eintlik onnodige moeite. God het die mens beveel om op te voed, en dit sou dit sou Hy tog nie gedoen het nie ~~tog onsinnig van Hom gewees het om dit te doen~~ as die mens onopvoedbaar was. In hierdie werkstuk word dus sonder meer aanvaar dat dit moontlik is om op te voed en opgevoed te word. Wat wel van groot belang is, is dit wat God aan die mens gegee het om daardie moontlikheid tot stand te bring. Kennis hiervan gee aan die Christelik-nasionale opvoeder die geleentheid om sy werk te beplan. Hy moet weet waartoe sy opvoedeling in staat is en waartoe nie.

So is dit dan vir die opvoeder nodig om die kenmerke van die opvoedeling wat hier ter sprake is, intensief te bestudeer. Die volgende riglyne moet gevolg word:

* Die mens word met sekere moontlikhede gebore. Dis apriori van God ontvang. Hierdie dinge moet geken word. Die opvoeder moet ook weet hoe om die groei en ontwikkeling daarvan te lei en begelei.

* 'n Besondere apriori is die moontlikheid om kenmerke wat nie by geboorte aanwesig is nie, te verwerf.

Hierdie sake word in baie meer besonderhede deur sielkundiges bestustudeer, en die opvoedkundige vind dit nodig om vas te stel hoe sielkundiges se bevindinge in die opvoeding toegepas kan word. Die opvoedkundige moet egter versigtig wees met die onderskeiding van geërfde en verwerfde kenmerke. Soms is hulle duidelik onderskeibaar. Dis bv. maklik om vas te stel dat die mens met sintuie gebore word, maar sy redelik-sedelike gedragspatroon eers later verwerf, en dat albei meehelp om die opvoeding moontlik te maak. Dis egter heelwat moeiliker om te bepaal of 'n mens gebore word met vermoëns ~~vaardighede~~, soos bv. dié wat in sport nodig is.

[1]) Lees bv. Oberholzer, C.K. Op. cit., hoofstuk elf.

2. Genadegawes

Opvoedbaarheid veronderstel dat daar by die mens die moontlikheid bestaan om die goeie na te streef. Opvoeding is dan bedoel om hierdie moontlikheid te realiseer. Hierdie kenmerk van die mens is 'n genadegawe. Dit lei tot twee vrae:

* Sal opvoeding nog moontlik wees, en kan dit sinvol wees, as die genade nie erken word nie? In antwoord hierop die volgende: Ondanks die sondeval het die mens mens gebly. Hy het nie 'n dier of 'n duiwel geword nie. Die relatief goeie het nog in hom oorgebly.[2] Hy soek nog na God. Maar hierdie element van die goeie is nie iets wat hy uit homself of op 'n ander wyse verwerf het nie. Dis deur die genade ontvang. Die opvoeder werk mee in die groei en ontwikkeling van hierdie gawe, al kan dit nie van die mens 'n ware kind van God of hemelburger maak nie. Dit kan nietemin die mens in staat stel om gedurende sy aardse lewe daardie ideaal na te volg al kan hy dit nie bereik nie.

* Is menslike opvoeding nog nodig, en het dit enige sin, as die genade erken word? Is die inwerking van die Heilige Gees nie genoeg nie? In antwoord hierop: Opvoeding kan die genade nie vervang nie.[3] Maar die menslike medewerking om die genadedoel te bereik, word juis as nog 'n genadegawe ingeskakel. Dit is 'n gegewene en hoort by menswees. Die feit dat die kind uit ouers gebore word, beteken tog dat God in sy genade die ouers roep om die kind tot hulp te wees. Dit wys op die moontlikheid en noodsaaklikheid van die opvoeding. En net soos Christus in die gelykenis van die saad[4] daarop wys dat die saad groei en later vrug voortbring omdat God dit so bestel het, so sal die genade ook vrug voortbring. Nogtans vertel Christus dat daar 'n saaier is en ook 'n maaier. God wil dus hê dat die mens sy deel ook moet bydra. Hy hoef nie te wanhoop oor die mag van die opvoeding nie, die Heilige Gees staan hom by en die genade van God is gedurig oor hom. Hy mag egter nie sy hande selfvoldaan vou omdat hy meen dat dit beter is as hy nie inmeng nie omdat God tog beter as hy kan opvoed en die menslike opvoeding dus oorbodig is.[5]

---

[2]) Vgl. p. 140 hierbo.

[3]) Die Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 20, en I Kor. 15:10

[4]) Mark. 4:26-29

[5]) Lees ook Brillienburg Wurth, G. Zedelijke opvoeding, p. 53-57

Oor die aard van die genadegawes word heelwat in die Bybel gesê. Paulus skryf bv.:

,,Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis volgens dieselfde Gees; aan die ander geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genade=gawes en gesondmaking deur dieselfde Gees; aan 'n ander werking van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van geeste, aan 'n ander uitleg van tale. Maar al hierdie dinge werk een en die=selfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil."[6])

Die slotsom is dat God aan opvoeder en opvoedeling genadegawes ge=gee het, wat die opvoeding moontlik maak.

3. Aanpasbaarheid, plastisiteit, ,,flexibiliteit"[7])

Hierdie benaminge is maar enkele voorbeelde van die woorde wat ge=bruik word om die gedagte uit te druk dat die mens verander kan word. Dit is dan ook 'n saak wat deur baie denkers, verteenwoordigend van 'n verskeidenheid denkrigtings,[8]) as van kardinale belang in die opvoeding beskryf is. In so baie gevalle word net die verskynsel dat die mens aanpasbaar, vormbaar, ens. is, genoem, en gaan die bespreking daarvan=daan verder sonder om die oorsprong na te speur. 'n Denkrigting soos die Naturalisme kan die verskynsels van aanpassing verklaar nie, al is dit nog so belangrik in die naturalistiese opvatting, en daarom word daar ook nie diepgaande gesoek na die oorsprong daarvan nie. Die bewering dat die natuurwette vir aanpassing verantwoordelik is, is net so onbevre=digend as geen antwoord nie, want wat is die oorsprong van die natuur=wette? Die Christen ken die antwoord op hierdie vraag. God het die mens aanpasbaar gemaak, en veral gedurende sy kinderjare word 'n merkwaar=dige aanpassingsvermoë by hom gevind. Maar waarby moet hy aanpas?

Hier volg twee voorbeelde van dié soort aanpassing waarteen die Christelik-nasionale opvoeder moet waak:

* Die mens moet hom aanpas by die natuur.[9]) Hy moet o.a. sy lewe so inrig dat hy nie sal uitsterf nie. Die opvoeding is dan gemik op die mens se in- en aanpassing by die natuurwette. Die mens wat hom onver=

---

6) I Kor. 12:8-11

7) Benaming gebruik in Brillenburg Wurth, G. Op. cit., p. 51

8) Bv. Naturalisme, Idealisme en Pragmatisme

9) Die Naturalisme beweer dit.

skillig teenoor die natuur gedra, sal beslis op een of ander wyse vir sy dwaasheid betaal. Maar die wyse waarop die naturalistiese denkers dit stel, is bloot op horisontale vlak. Die natuur, word nie as skepping van God erken nie, en aanpassing in die driehoeksverhouding God-mens-natuur word glad nie eers genoem nie. Aanpassing by die natuur sonder meer is nog glad nie opvoeding nie. Die moontlikheid van aanpassing moet gesien word as moontlikheid van aanpassing by die handewerk van God.

* Die mens moet hom aanpas by die medemens, veral by die groter gemeenskap. Die meerderheidstem is reg, en die individu moet hom daarby neerlê. Sosiale bruikbaarheid is dan die groot opvoedingsdoel.[10]) Die mens moet wel met sy medemens saamleef en daar sal gevalle voorkom waar hy by sy medemens moet aanpas. Maar dis weer net op horisontale vlak benader. As die mens self moet bepaal hoe en wanneer en tot hoe ver hy moet aanpas, sal dit beslis op 'n mislukking uitloop, omdat die mens in sy sondige aard nie in staat is tot die regte aanpassing nie. Die gemeenskap is ook sondig en is op sigself nie in staat om by wyse van die meerderheidstem te bepaal wat goed en kwaad is nie. Die Bybelse aanwysings van hoe om met die medemens saam te lewe is die enigste aanvaarbare, en verskil radikaal van die siening van die Pragmatisme.[11]) God het dit vir die mens moontlik gemaak om hom op Bybelse wyse by die medemens aan te pas, en dit wys weer op die moontlikheid van die opvoeding.

Die ware aanpassing op grond van plastisiteit of ,,flexibiliteit" kan soos volg gestel word. Dis aanpassing van

* die mens by God,
* die mens by sy medemens,
* die mens by die skepping, en
* die mens by homself.

Alle aanpassing moet uit liefde geskied. Die vier vorms pas genoem, staan nie los van mekaar nie en word juis deur die beginsel van die liefde vir God en medemens saamgebind.

Die laaste vorm van aanpassing, nl. van die mens by homself, verdien 'n bietjie meer aandag. Dit gaan hier om die natuurlikheid en teennatuurlikheid van die mens.[12]) Die teennatuurlikheid neig na God, en die natuurlikheid kan so verander en teengewerk word dat dit by die teennatuurlikheid aanpas. Dit beteken dan dat dit vir die mens moontlik is om sy natuurlike aard so te kultiveer dat hy steeds meer en meer sal neig tot die goeie. Daarmee span hy dan juis sy kragte in om te bly

---

10) Die pragmatiste beweer dit.
11) Matt. 22:37-39 12) Vgl. p. 140-141 hierbo.

op die reguit pad wat na God toe lei.

Die Grieks-klassieke opvatting van kwaad is dat daar 'n stryd tussen die liggaam en die gees woed, omdat aangeneem word dat die liggaam die kwaad en die gees die goeie in die mens is. Daar kan dan beweer word dat die liggaam by die gees moet aanpas. Die Christelike opvatting is dat beide liggaam en gees deur die sonde aangetas is en dat in beide liggaam en gees iets goeds oorgebly het. Dit is dan ook die liggaam en gees wat in die oordeelsdag as 'n eenheid voor God sal verskyn.[13]

4. Die aanleg van die mens

Die aanleg van die mens moet as apriori erken word. Waar nou enkele belangrike kenmerke van die mens bespreek sal word, word bedoel dat hulle almal as genadegawes van God aan die mens gegee is, al word dit nie altyd gesê nie. Al hierdie dinge maak die opvoeding moontlik, en ook dit word nie telkens herhaal nie.

(a) Oorgeërfde en verwerfde eienskappe

Van opvoedkundige kant word aangeneem dat 'n mens sekere eienskappe oorgeërf het, bv. die sintuie, en dat sommige daarvan meehelp om die opvoeding moontlik te maak. Maar watter verband bestaan daar tussen die oorgeërfde en verworwe eienskappe? Volgens die tabula rasa-teorie van John Locke[14] en sy volgelinge besit die mens so te sê geen geërfde eienskappe nie. By geboorte word sy gees vergelyk met 'n blanko vel papier. Die ervaring skryf daarop en so word die mens se geestelike eienskappe verwerf.

Daarteenoor staan die Nativisme wat beweer dat die mens feitlik al sy eienskappe geërf het. Dit beteken dan dat die mens só en só gemaak is en daar kan niks bygevoeg of verander word nie. Dit lei tot 'n etiese determinisme, sodat Schopenhauer bv. tot die gevolgtrekking kom dat die opvoeding onmoontlik is. Die Italiaanse navorser Lombroso se teorie van atavisme is nog 'n voorbeeld. Hiervolgens is die mens maar net 'n afstammeling van die aap en daarom is alle mense se gedrag aapagtig en selfsugtig, sodat almal van nature misdadigers is. Daarom sal elke mens onder gunstige omstandighede roof en moor en steel. Dis maar sy aangebore natuur.[15]

---

[13] Die elfde artikel van die geloofsbelydenis

[14] Pistorius, P. Gister en vandag in die opvoeding, p. 153

[15] Brillenburg Wurth, G. Op. cit., p. 39-52

Die Christelike siening is dat die mens wel aangebore en verworwe eienskappe van God ontvang het. Dis egter nie so belangrik watter eienskappe verwerf en watter oorgeërf is nie. Hoofsaak is dat albei die opvoeding moontlik maak. Die gelykenis van die talente is welbekend.[16]) Die talente simboliseer daardie kenmerke van die mens wat deur God aan hom gegee is en waarvoor hy ook verantwoordelikheid dra. Die oorspronklike gegewe talente kan ontwikkel word om nog meer te verwerf. Dit is dan ook dinge wat die opvoeding moontlik maak.

Die liggaamskrag, spierbeheer, waarnemingsvermoë, ens. van die mens is by geboorte nog baie swak ontwikkel, veral as dit met dié van die meeste warmbloedige diere vergelyk word. Hierdie talente is egter deur God gegee. Wanneer hulle ontwikkel word, vind daar juis iets plaas wat by die dier nie gevind word nie. Die mens ontwikkel meer as net liggaamskrag, spierbeheer, waarnemingsvermoë, ens. Hy ontwikkel ook opvattinge, want hy heg waarde en betekenis aan alles waarmee hy in aanraking kom. Dis juis hier waar daardie ontwikkeling kan aansluit by die opvoeding, aangesien lg. nie net op geestelike vlak plaasvind nie en die nuttige aanwending van die fisiese kenmerke van die mens gebruik kan word om hom na God toe te lei en begelei.

Die godsdienssin, emosie, intelligensie en wil van die mens is ook Godgegewe talente. Hierdie dinge is by geboorte nog lank nie wat dit behoort te wees nie, en elkeen kan ontwikkel word.

(b) <u>Die mens se ewige vaderland</u>

Die onsterflikheid van die mens se siel maak dit nodig om verder as die hiernoumaals te kyk. Waar gaan die mens heen na sy dood? Die Christen weet dat daar net twee alternatiewe is. Verder weet hy dat net die geloof en alles wat onafskeidelik daarmee verbonde is, lei tot die ewige geluksaligheid.[17]) Die strewe om te word wat hy behoort te wees, is een van die vrugte van die geloof. Die beweging in daardie rigting is moontlik omdat God die mens so gemaak het. Daarom is dit nog 'n grond vir die moontlikheid van die opvoeding.

Hierdie toestand van „soos die mens behoort te wees" raak twee belangrike sake:

* Die waardeopvattinge van die mens in die algemeen en die moontlikheid om die gekose waardes na te jaag, en

---

16) Mat. 25:14-30

17) Rom. 3:28

die besondere geval van die sedelikheid van die mens en die moontlikheid om volgens die Christelike sedes te leef.

(c) Die openheid van die mens

Hierdie saak verdien 'n versigtige nadenke deur die Christelik-nasionale opvoeder omdat dit maklik in nie-Bybelse sin opgevat kan word, of in 'n poging om net ,,universele uitsprake" te formuleer net lei tot 'n gedeelte van die totale beeld wat maklik skeefgetrek kan word. Die bespreking van Oberholzer[18]) moet bv. in die lig van die Skrif ondersoek en dan van die nodige aansuiwerings voorsien word. Hier volg nou 'n elementêre uiteensetting van die grondbeginsels waarin die riglyne vir verdere bostrukture gevind kan word:[19])

God het dit vir die mens moontlik gemaak om prikkels van buite sowel as van binne te ontvang. Prikkels van buite sluit o.a. in: Sintuiglike waarneming, 'n boodskap van 'n medemens en inwerking van die Heilige Gees. Prikkels van binne sluit o.a. in: Begeertes, verstandelike prikkeling en die stem van die gewete. 'n Prikkel dring deur tot die mens se bewussyn. Maar aangesien die bewussyn meer as 'n fotografiese plaat is, heg die mens ook waarde en betekenis aan die prikkel.

Die openheid van die mens kan met 'n oop deur vergelyk word. Dit maak die mens toeganklik vir prikkels. Maar net soos in die geval van die deur kan die mens sy openheid sluit sodat bepaalde prikkels uitgesluit kan word. En net soos die deur nie enige krag van buite kan weerstaan nie, is dit nie moontlik om enige prikkel onbeperk uit te sluit nie. Die mens kan bv. hewige pyne nie sodanig uitsluit dat hulle glad nie waargeneem kan word nie. 'n Deur is net 'n beperkte opening sodat dit nie ruim genoeg is om enige prikkel toe te laat nie. Die opvoeder moet daarom in gedagte hou dat dit nie vanselfsprekend is dat die opvoedeling ope genoeg is om die boodskap te ontvang nie. Die graad van openheid verskil van mens tot mens. Dis nie 'n saak wat net met die intelligensie van die mens te doen het nie, maar wel met alle aspekte van menswees.

Die mens is ook in staat om sy openheid in net een rigting te draai. Dan is die deur net vir prikkels van daardie kant af oop, sodat prikkels wat van 'n ander kant af kom, die ,,opening" nie vind nie. Daarom moet die opvoeder dit nooit as vanselfsprekend aanvaar dat die opvoedeling


---

18) Oberholzer, C.K. Op. cit., p. 363-366.

19) Verwerking van amptelike ongepubliseerde studiestukke vir onderwyskollegestudente in Transvaal.

se openheid nou juis op die opvoeder se boodskap gerig is nie . Die mens kan homself vir God sluit of sy openheid op iets anders rig.

Wanneer prikkels wel die opening vind, kan dit skematies so voorgestel word:




Nou verbonde aan die begrip openheid is die begrip eksistensie, in die sin van uitlewe na buite. Dit gebeur bw. wanneer die mens as gevolg van die liefde hom inleef in die smart van sy medemens. 'n Besondere vorm van eksistensie is eksplorasie of die soeke na iets buite die mens. Die beste voorbeeld wat aangehaal kan word, is die mens se soeke na God. Eksistensie en eksplorasie kan dan voorgestel word met pyltjies wat die teenoorgestelde rigting aantoon as die pyltjie wat die prikkel van buite aandui.

Die mens is opvoedbaar omdat hy hom kan oopstel vir die boodskap van God, hom kan inleef in die Goddelike waardes en kan soek na God en die weg wat na God toe lei.

Hierdie uiteensetting is geen bevestiging van die S→R-formule nie. Trouens, dit lewer bewys dat die reaksies nie outomaties bereik kan word deur die manipulasie van prikkels nie.

(d) <u>Toekomsgerigtheid</u>

Die mens is nie net van die nou bewus nie. Hy kan ook eksisteer (in die sin van hom uitleef) in die verlede en die toekoms. Nou het God juis die toekomsgerigtheid as eienskap aan die mens gegee sodat dit moontlik sal wees om die hiernamaals by Christus na te strewe. Die lesse van die verlede is wel baie nuttig vir die hede en die toekoms.

Waar die mens dan verlang na God en die ewige lewe in die hemel, is die toekomsgerigtheid juis een van daardie dinge wat die opvoeding in besondere mate moontlik maak.

Die uitdrukking ,,die mens wil self iemand wees"[20]) staan in noue verband met die toekomsgerigtheid. Maar skrywers soos Langeveld en sy kollegas het ook hier net op horisontale vlak gebly. Hulle beskou net die mens se strewe na 'n gelukkige aardse bestaan in die toekoms, o.a. deur ,,agting vir digniteit"[21]) af te dwing as 'n motief waarom die opvoedeling opgevoed wil word. Dis egter onvoldoende. Die ware motief agter ,,self iemand wil wees", is nie iemand in die eie of die mens se oog nie, maar in die oog van God. Dit beteken nie dat die mens so wil leef dat hy God kan imponeer en dus sy saligheid deur eie inspanning kan verwerf nie. Dit beteken slegs dat hy in nederige geloof só sal lewe dat die vrugte van die geloof sigbaar word, al is dit net in die gesindheid teenoor God en medemens.

5. Die beperkte mag van die opvoeding

(a) Die probleem van almag en onmag

Dusver is die houding gehandhaaf dat die mens wel opvoedbaar is maar dat die opvoedeling nie tot volmaaktheid gelei kan word nie. Die opvoeding is dus nie onmagtig nie maar ook nie almagtig nie.[22])

(b) Die gawes deur die mens ontvang

Kragtens die uniekheid van elke mens het geen twee persone presies dieselfde gawes ontvang nie, en in die geval waar twee persone dieselfde gawe ontvang het, verskil dit in graad. Dus, die moontlikheid van die opvoeding is wel daar, maar verskil van mens tot mens, sodat die uit=werking van die opvoeding van persoon tot persoon sal verskil. Dit kan selfs gebeur dat ten spyte van die moontlikheid hierdie moontlikheid glad nie gerealiseer sal word nie. Dit is moontlik dat die opvoeding as prikkel nie die oop deur vind nie en selfs by die opvoedeling ver=bygaan.

Die mag van die opvoeding kan dus nie in enige mate met sekerheid bepaal word nie. Die opvoeder wat so iets probeer, weet nie of sy op=voedingspogings die kol sal tref nie, en indien dit wel gebeur, of die

---

20) Woorde oorspronklik deur Langeveld gebruik en later deur ander skry=wers oorgeneem, bv. Landman, W.A. e.a. Opvoedkunde en opvoedingsleer vir beginners, p. 93.

21) Ibid.

22) Op p. 156-157 Hieronder sal die geloof in die almag en die geloof in die onmag van die opvoeding bespreek word.

opvoedeling oor die nodige gawes beskik nie. Opvoeding is nie die inter=aksie van 'n aantal kragte wat deur die wette van Newton of ander wette, noukeurig bereken kan word nie.

Opvoeding is 'n geloofsdaad. Die onvoorspelbaarheid van die mag van die opvoeding is juis genoeg rede om te vertrou op God, want Hy sal die wasdom gee. Net soos die landman nie weet of hy 'n oes sal insamel nie omdat droogte of hael of plae sy landerye kaal kan stroop, maar nogtans die saad aan die aarde toevertrou, so saai die opvoeder in oorgawe aan God die boodskap op die opvoedingsakker.[23]

(c) Aanpasbaarheid

Dit gaan hier oor aanpassing van die mens by iets anders sowel as die aanpassing van die omgewing by die mens, bv. kultuurvorming. Elke mens kan homself in 'n mate aanpas by God, sy medemens, die skepping en homself. Dit is die mens se verantwoordelikheid om te probeer om dit steeds beter te doen, al kan hy hom net in 'n beperkte mate aanpas. So is dit sý verantwoordelikheid om sy omgewing so goed as hy kan by hom=self aan te pas, maar tot eer van God.[24]

(d) Aanleg

Sielkundige meting van die intelligensie is miskien die bekendste metode van bepaling van 'n faset van die aanleg. Hoewel nie absoluut betroubaar nie, bied I.K.-syfers 'n redelike beeld van waartoe die mens se verstand in staat is. So is dit nog 'n aanduiding van die begrensdheid van die opvoeding se mag in die sin van 'n eindige faset van die aan=leg waarvan tog nie verwag kan word om 'n oneindige resultaat te lewer nie.

Net so kan al die ander fasette van die aanleg ondersoek word om aan te toon dat elkeen beperk is en daarom nie onbeperkte moontlikhede vir opvoedende gebruik bied nie.

(e) Die finale keuse

Die opvoeder lei en begelei die opvoedeling na God toe, maar hy gebruik nie dwang nie. Hy kan nie vir die opvoedeling kies tussen goed en kwaad nie. Die konsekwensie hiervan is dat die opvoeder sy taak so goed as menslik moontlik kan verrig en nogtans nie seker kan wees dat opvoeding wel plaasgevind het nie. Die opvoedeling kan altyd kies om hom nie te laat beïnvloed nie en ook nie die leiding van die opvoeder te volg nie.

---

[23] I Kor. 3:6

[24] Gen. 1:28

Hierdie saak moet deeglik deur die Christelik-nasionale opvoeder in gedagte gehou word. Die uitwerking van die opvoeding staan nou eenmaal nie in 'n direkte verhouding tot die opvoedingspoging nie. Dit beteken dan ook dat die gehalte van die opvoeding nie aan die resultate beoordeel kan word nie. Die boom word wel aan sy vrugte geken, maar die opvoedeling se eie keuse is die boom en nie die opvoeder se opvoedingspogings nie.

## 6. Determinisme

Die S→R-formule is reeds verwerp.[25] Dit beteken dan dat die prikkels, intern sowel as ekstern, nie die opvoeding wat plaasvind, kan determineer nie. Maar wat kan gesê word van die inwerking van die Heilige Gees? Kan hierdie ,,prikkel" oor dieselfde kam geskeer word? Dis vir God tog sekerlik moontlik om die opvoeding te determineer, hetsy deur die gebruik van prikkels of daarsonder. Maar God het in sy alwysheid besluit om dit nie te doen nie. God dwing die mens nie om so of so te handel nie, al stel Hy grense wat nooit deur die mens deurbreek kan word nie. Daar is altyd 'n ruime mate van speling waarbinne die mens vry is om te kies. Enkele voorbeelde uit die gewyde geskiedenis word hier aangehaal ter illustrasie:

* God het aan Adam die twee verbode bome gewys en gesê dat die vrugte daarvan nie geëet mag word nie.[26] Maar God het dit nie vir Adam en Eva onmoontlik gemaak om die vrugte by te kom nie. Die finale keuse is deur God aan hulle oorgelaat.

* Toe Kain met gefronsde voorhoof oor sy broer Abel se offer geloop en dink het, het God hom gewaarsku dat die sonde vir hom op die loer gelê het, asof dit 'n roofdier was. Daarby het Hy dié bevel gevoeg:

,, . . .maar jý moet daaroor heers."[27]

God het Kain egter nie weerhou van broedermoord nie. Hy het die finale keuse self gedoen.

* Toe God aan Abraham die opdrag gegee het om sy enigste seun as brandoffer aan God te wy, het God Abraham nie verplig om Isak wel te offer nie. Abraham het self verkies om na die stem van God te luister.[28]

---

25) Lees p. 30-31 hierbo.

26) Gen. 2:16-17

27) Gen. 4:7

28) Gen. 22:1-13

* Jona het net andersom as Abraham gekies. Die storm en skipbreuk het hom nie verplig om sy opdrag uit te voer nie, maar hy het hom daar=na tog laat beïnvloed om God te gehoorsaam.[29]

Die mag van die opvoeding is dan ook beperk omdat God verkies om dit nie te determineer nie.

In die lig van wat hier gesê is, lewer die beredenerings in talle opvoedkundige werke, bv. van die fenomeniste, wat hoofsaaklik op intel=lektuele vlak gevoer word, onvolledige en skeefgetrekte beelde van die moontlikheid van die opvoeding.[30]

7. Opvoedkundige pessimisme

In die gelykenis van die talente het Christus vertel dat die derde slaaf sy talent in die grond weggesteek het om dit aldus te bewaar. Die dag toe hy rekenskap aan sy heer moes gee, het hy nog net daardie talent, presies dieselfde waarde, gehad. Dis die houding van die mense wat meen dat die opvoeding tot niks in staat is nie, die opvoedkundige pessimiste. Dis die opvatting dat die opvoeding heeltemal onmagtig is.

Die grondslag van hierdie houding word in 'n eg naturalistiese mens=beeld gevind. Daarvolgens is die mens net dit wat hy volgens oorerwing is en word sy handel en wandel op aarde deur sy oorgeërfde eienskappe in interaksie met sy omgewingskragte bepaal en gedetermineer.[31] Vir die dier is hierdie opvatting geldig en aangesien die naturalis glo dat die mens maar net 'n superdier is, geld dit ook vir hom. Die Christelike mensbeeld verskil egter baie van hierdie siening. Die dier is bv. nie na die beeld van God geskape nie.

8. Opvoedkundige optimisme

Die pragmatiste aanvaar dat die mens tot die goeie geneig is.[32] Indien hulle geloof in groei en ontwikkeling aanvaar word, lei dit tot die volgende argumente, hoewel die pragmatiste die saak nie enduit bere=deneer het nie: Die mens is nie 'n volmaakte wese nie, maar hy sal dit nog word, gee hom net genoeg tyd. Die sterkste krag van die mens om na

---

29) Jona 3:3

30) 'n Omvattende bespreking van die fenomeniste en andere se opvattinge word gevind in Oberholzer, C.K. Op. cit., p. 373-394.

31) Vgl. Pistorius, P. Kaart en kompas van die opvoeding, p. 124

32) (Onder aan p. 157)

volmaaktheid te ontwikkel, is die opvoeding. Dit werk so: Die opvoeder help sy opvoedelinge om tot 'n sekere hoogte te groei en ontwikkel. Hulle eie goeie natuur sorg vir nog meer groei en ontwikkeling. Wanneer hulle eendag as opvoeders optree, is hulle al beter ontwikkel en het hulle meer gegroei as die oorspronklike opvoeders en hulle opvoedelinge sal weer 'n nog hoër graad bereik. Dus, elke nuwe geslag is nader aan volmaaktheid as die vorige. Dit ly geen twyfel dat die mens as gevolg van sy goeie aard met verloop van tyd 'n volmaakte wese sal wees nie.

Al dergelike argumente stuur op een punt af: Die opvoeding is almagtig. Maar al hierdie argumente is op onbybelse gronde gebou. In die aangehaalde voorbeeld word verkeerdelik aangeneem dat die mens van nature goed is en dat daar geen grense aan die mens gestel is nie. Daar word dus nog eens van 'n onbybelse mensbeeld uitgegaan.

Opvoeding is nie almagtig nie, maar ook nie onmagtig nie.

## 9. Gevolgtrekking

Die mens se liggaam en siel is wonderlik en uitmuntend toegerus en geskik vir opvoeding. Die opvoeder moet egter in gedagte hou dat die mens 'n sondige wese is, 'n verduisterde beeld van God. Daarom is die opvoedeling geensins volmaak nie. Hy is van nature verdorwe en ongehoorsaam. Die mens het deur die genade van God nogtans iets goeds oorgehou, en daarom is hy vatbaar vir opvoeding. Dit beteken nie dat die mens uit homself iets goeds kan doen nie. Dit is alleen deur die geloof moontlik, want dan werk God in hom.[33]

32) Die pragmatiste het baie oor aanpassing geskryf en te kenne gegee dat die mens juis deur aanpassing verbeter. Indien hy nie geneig was om die goeie na te volg nie, sou verbetering nie ingetree het nie. Lees bv. Childs, J.L. American Pragmatism and education, p. 95.

33) Uittreksels uit Coetzee, J.C. Eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding, p. 14-16